**PARLIAMENT**

OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# LUG U MENING

## Oproep om Voorleggings en Kommentaar

**Die Staande Komitee oor Finansies nooi belanghebbendes en belangstellende partye uit om skriftelike voorleggings in te dien oor die Wysigingswetsontwerp op Algemene Wette (Teen-geldwassery en Bekamping van Terrorisme-finansiering) [B15 – 2026]**

Die Wysigingswetsontwerp op Algemene Wette (Teen-geldwassery en Bekamping van Terrorisme-finansiering) [B15 – 2026] het ten doel om die volgende te wysig:

- Die Wet op Beslote Korporasies, 1984
- Die Wet op Nie-winsgewende Organisasies, 1997
- Die Wet op die Sentrum vir Finansiële Intelligensie, 2001
- Die Wet op Maatskappye, 2008 en
- Die Wet op Regulering van die Finansiële Sektor, 2017

Die wetsontwerp het ten doel om die land se stelsel vir teen-geldwassery en die bekamping van terrorisme-finansiering, TGW/BTF, te versterk deur aandag te skenk aan die oorblywende tekortkominge wat geïdentifiseer is in die 2021 Finansiële Aksie Taakmag, FATM, Wedersydse Evalueringsverslag vir Suid-Afrika, en ook gedurende die remediëringsproses wat daartoe gelei het dat Suid-Afrika in Oktober 2025 van die FATM se gryslys verwyder is. Sodanige wysigings het voorts ten doel om 'n beter gradering vir Suid-Afrika te verseker vir die huidige FATM Wedersydse Evaluering, wat in Oktober 2027 tot 'n einde kom.

**Openbare verhore oor die Wysigingswetsontwerp op Algemene Wette (Teen-geldwassery en Bekamping van Terrorisme-finansiering) [B15 – 2026] sal op Dinsdag, 11 Augustus 2026, plaasvind.**

Voorleggings moet teen nie later nie as 12:00 op Maandag, 10 Augustus 2026, ontvang word.

Diegene wat voorleggings gedurende die openbare verhore op Dinsdag, 11 Augustus 2026, wil doen, moet spesifiek hierom aansoek doen.

Die verhore sal oor Zoom plaasvind.

Voorleggings moet gerig word aan die komiteesekretarisse, mnr Allen Wicomb en me Teboho Sepanya, by onderskeidelik awicomb@parliament.gov.za en tsepanya@parliament.gov.za

**Uitgereik deur agb dr MJ Maswanganyi, LP, Voorsitter: Staande Komitee oor Finansies (Nasionale Vergadering).**

gear GA4223

Die Parlement – Ons volg ons verpligtinge teenoor die mense op
– Ons laat u toekoms beter werk